# 157 Hef jul oë, hef jul harte






Kyk, sy arms strek Hy vir jou uit
om jou hartlik te ontvang,
en sy oë wys getrouheid,
toon hoe Hy na jou verlang.
Sondaar, as jou hart nog vatbaar
vir die reinste liefde is,
keer na Hom terug, onskatbaar
goed is Hy met wie jy twis.

Daarom werp ek my met deemoed
voor die kruis van Christus neer,
en betrag met diepe weemoed
my verminkte God en Heer,
en my hart gee hom vrywillig
aan my goddelike Vriend,
om na onrus en verlange
in sy liefde rus te vind.

Onbekend Onbekend